Woensdag 14 Oktober
Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21-33
Fokusgedeelte: Efesiërs 5:25-26

## Die evangeliegeleentheid van man-wees

Tallose flieks en liedjies gaan oor 'n man wat tot uiterstes sal gaan om sy geliefde te red. Selfs al kos dit sy lewe. Dis romanties en gryp mense aan. Mans wil die held wees. Vrouens wil veilig en gekoester voel. Omdat God dit in ons wese ingeskape het, het selfs ongelowiges hierdie ingeskape behoeftes en maak hulle flieks en liedjies daaroor.

As gelowiges weet ons waar dit vandaan kom: God wat die man en vrou in sy beeld geskep het as sy verteenwoordigers. Die huwelik behoort te funksioneer as 'n lewende metafoor van die evangelie self, waar God nie sy mag misbruik om mense te onderdruk nie, maar te red. Net so word mans opgeroep om al hulle energie, krag en mannemoed in te span vir die sorg en beswil van hulle gesin. Dít is liefde. Dít is die stoffasie van 'n ware held. Nie een wat hardloop as die verantwoordelikheid kom nie. Nie een wat hardloop as die opofferings baie word nie. Nie een wat afknou of misbruik nie. Elke dag het jy as man die roeping en geleentheid om jou ware man-wees uit te leef. Om die vyand, fisies of geestelik, af te weer wat teen jou gesin oorlog maak.

Dit vra 'n aflê van jouself. 'n Wegstap van wat dalk vir jou gerieflik of lekker sou wees. Maar dit is diep vervullend as jy besef dis jou geleentheid om die een wat vir jou sy lewe afgelê het, na te doen. En as jy hierin tekortskiet en jou roeping gemis het, onthou, juis vir jou óók het Jesus sy lewe afgelê. Sodat jy aan God gewy kan wees, want jy is met die doopwater gewas en die woord (boodskap van die evangelie) rein gemaak.

Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad het, tot die dood toe. Dit is die evangeliegeleentheid van man-wees.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3*

*Dr. G (Griffel) van Wyk (Rustenburg)*